## Kerngedagtes van Sondag 20 Mei 2018 se samekoms

**Skriflesing: 1 Korintiërs 12 vers 1- 11**

**Tema: Instruksies vir God se genadegawes**

- Daar is twee verskillende soorte mense. Sommige mense verkies om instruksies te lees en ander nie. Beide benaderings tot instruksies kan tot groot probleme lei.
- Om kennis te hê van instruksies beteken nie noodwendig ons verstaan wat dit beteken nie. Om instruksies te vermy is om jouself oop te maak vir probleme.
- Paulus het agtergekom dat die gelowiges van die gemeente in Korinte nie die instruksies van God se genadegawes verstaan het nie. Die ander groep gelowiges het die instruksies geïgnoreer.
- Daar was dus groot probleme onder die gelowiges van Korinte. Die Christene van Korinte het sommer vinnig verdeeld geraak. Sommige gelowiges het die Heilige Gees vir hulleself toegeëien deur 'n eksklusiewe groep te vorm en ander mense te oortuig dat hulle nog nie die nodige "groei, doop of kennis" het om die werking van die Gees te ervaar nie. Die ander gevolg was dat sommige gelowiges mense oortuig het dat sommige van hierdie genadegawes "beter, belangriker en groter" is as van die ander gawes.
- Hierdie misverstaan van die werking van genadegawes leef vandag voort in sommige kringe. Die werking van die Heilige Gees word toegeskryf aan slegs 'n eksklusiewe groep wat self gekies of gedoop is of oor sekere kennis beskik.
- Die ander gedagte wat vandag steeds voortbestaan, is dat genadegawes amper altyd gepaard gaan met wondertekens, groot genesings of selfs belangrike profesieë.
- Paulus reageer hierop deur 3 belangrike instruksies neer te lê in 1 Korintiërs 12.
- By die Here is dit soos Kersfees. Hy besaai die wêreld met geskenke. Ons hoef niks te doen om dit te ontvang nie. Hy is in die geskenke-besigheid. Sommige gelowiges of geloofsgemeenskappe plaas soveel fokus op die werking van die genadegawes dat hulle die ware geskenk van God misloop. Paulus vertel dat die ware geskenk nie die gawes is nie, maar wel dat "God die ware geskenk is". Hy is die daaglikse lewende brood. Hy is die daaglikse lewende water. Gelowiges wat dus elke dag van hierdie ewige brood en water neem se genadegawes vloei outomaties en soms onwetend by hulle lewens uit.
- 'n Eksklusiewe groepie gelowiges van Korinte het die werking van Heilige Gees vir hulleself toegeëien. Hulle het seker gemaak dat ander mense eers die "nodige kennis, doop of geloof" moes hê voor die Heilige Gees vir hulle beskikbaar sal wees.
- In Korinte het sommige gelowiges onderskeid begin tref tussen die belangrikheid van die verskeidenheid van genadegawes. Vandag is sommige gelowiges steeds vas oortuig dat sekere genadegawes belangriker en groter is as ander gawes. Watter genadegawes sou jy sê dink mense is die belangrikste? Watter effek het dit op 'n geloofsgemeenskap as ons so aanhou glo?
- Dis opvallend dat die werking van die Heilige Gees en die genadegawes onder sekere gelowiges altyd gepaard gaan met groot wonderdade, genesings, preke of eksklusief die gebruik van ongewone tale en klanke. Binne hierdie verstaan werk die Heilige Gees nie so baie deur die normale en gewone gang van die lewe nie. Paulus wys ons 'n alternatiewe pad. Hy verleer ons om te glo dat die werking van die Heilige Gees eksklusief hiervoor is. Daar is 'n groter klem op die klein, op-die-agtergrond of die ongesiende beweging van genadegawes.